

AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE

Paper 0548/01
Reading and Writing

Kernboodskappe

Ten einde goed te vaar in **Oefening 1** moes kandidate:

- die teks met begrip lees
- verstaan wat in elke vraag van hulle verwag word
- inligting in die teks identifiseer, en
- die vrae verstaanbaar, bondig en doeltreffend in Afrikaans beantwoord.

Ten einde goed te vaar in **Oefening 2** moes kandidate:

- die teks met begrip lees
- verstaan wat van hulle verwag word, en
- inligting uit die teks akkuraat en doeltreffend op die vorm oordra.

Ten einde goed te vaar in **Oefening 3 en 4** moes kandidate:

- die teks met begrip lees
- die opdragte verstaan
- relevante inligting in die teks identifiseer
- bondige aantekeninge onder gegewe hofies maak (**Oefening 3**)
- inligting oor 'n aspek van die teks opsom (**Oefening 4**), en
- die opsomming in een paragraaf van hoogstens 80 woorde en hoofsaaklik in hulle eie woorde skryf (**Oefening 4**).

Ten einde goed te vaar in **Oefening 5 en 7** moes kandidate:

- die opdrag verstaan
- sinvol en doeltreffend op die opdrag reageer
- hulle verstaanbaar en doeltreffend in Afrikaans uitdruk
- punktuasie, sinne en paragrawe doeltreffend gebruik
- die drie aspekte van die opdrag in hulle brief dek (**Oefening 5**)
- hulle mening van die gegewe onderwerp bespreek (**Oefening 7**), en
- die gepaste toon en formaat vir hulle skryfstuk gebruik.

Ten einde goed te vaar in **Oefening 6** moes kandidate:

- die teks met begrip lees;
- verstaan wat in elke vraag van hulle verwag word;
- die toepaslike inligting in die teks identifiseer;
- (slegs) die relevante inligting in hulle antwoorde verskaf;
- antwoorde gee wat sinvol op die vrae volg, en
- die vrae duidelik, bondig en doeltreffend in Afrikaans beantwoord.

Algemene kommentaar

Oefening 1

Dit is 'n begripsoefening waarin kandidate se soekleesvaardighede aan die hand van 'n kort teks getoets word. Hulle beantwoord die vrae in enkele woorde of sinsdele.

Oefening 2

Hierdie oefening fokus op die oordra van inligting. Kandidate gebruik inligting uit 'n gegewe teks om 'n vorm in te vul. Enkele woorde, sinsdele en soms 'n volsin word ingevul.

Oefening 3

Kandidate gebruik inligting uit 'n gegewe teks om aantekeninge onder opskrifte te maak.

Oefening 4

Kandidate maak 'n opsomming van een paragraaf van ongeveer 80 woorde oor 'n aspek van dieselfde teks wat in **oefening 3** gebruik is.

Oefening 5

Kandidate skryf 'n vriendskaplike brief van 150 tot 200 woorde gebaseer op 'n onderwerp met drie spesifieke riglyne.

Oefening 6

In hierdie leesbegrip beantwoord kandidate kortvrae oor 'n teks. Die vrae word hoofsaaklik in volsinne beantwoord.

Oefening 7

Kandidate skryf 'n artikel van 200 tot 250 woorde vir die skoolkoerant. Hulle gee hulle eie mening oor 'n onderwerp nadat hulle na ses menings oor die onderwerp gekyk het.

Kommentaar op spesifieke vrae

Oefening 1

Vraag 1: Die meeste kandidate het hierdie vraag reg beantwoord. In plaas van om 'Dit was op die strand' te skryf, het sommige kandidate 'Strandstraat is so genoem omdat dié deel, wat nou in die middestad is, eers die strand was' direk uit die teks geskryf.

Vraag 2: Baie kandidate het hierdie vraag reg beantwoord. Kandidate wat slegs 'meer as die hele Brittanje' geskryf het, het egter die punt verbeur, want dit was nie duidelik waarna hulle verwys het nie.

Vraag 3: Talle kandidate het hierdie vraag reg beantwoord, hoewel sommige verkeerdelik die titels van Tolkien se boeke genoem het.

Vraag 4: Baie kandidate het goed in hierdie vraag gevaaar. Dit was slegs nodig om 'Van 'n bees' en 'Van Jan Bloem/n Khoi-Khoi-leier' te skryf, maar sommige het nie besef hulle antwoorde kon kort wees nie en het onnodiglik twee volle sinne uit die teks oor Bloemfontein oorgeskryf.

Vraag 5: Die meeste kandidate het goed gevaaar in hierdie vraag. Hulle moes die meervoudsvorm gebruik en na 'dorp' met dieselfde 'name' in ander lande/Amerika verwys. Sommige kandidate het die punt verbeur omdat hulle 'n verskil in plaas van 'n ooreenkoms genoem het.

Vraag 6: Die meeste kandidate het goed gevaaar in hierdie vraag. Kandidate moes ten minste twee van 'rivier, meer of see' noem. Dié wat slegs na 'n rivier verwys het, het dus die punt verbeur.

Vraag 7: Kandidate moes slegs een van drie moontlike antwoorde neerskryf; die meeste het dus die punt gekry.

Algemene riglyne

- Kandidate moet die vrae deeglik lees sodat hulle akkurate antwoorde kan skryf.
- Kandidate moet herinner word dat hulle kort antwoorde mag (en verkieslik moet) skryf, maar nie telegramstyl moet gebruik nie. Hulle moet genoeg inligting verskaf om te wys dat hulle die vrae verstaan (vgl. die kommentaar by **vraag 2** hierbo).
- Hulle moet hulle elke keer afvra of die antwoord wat hulle neerskryf werklik die vraag beantwoord.

- Die antwoord moet logies op die vraag volg: Sommige kandidate verbeur punte deur hele sinne direk uit die teks neer te skryf en te hoop dat die antwoord érens daarin skuil. Kandidate wat geneig is om twee of drie sinne woordeliks uit die teks oor te skryf omdat hulle hoop die korrekte antwoord gaan érens daarin wees, moet besef dit gaan nie werk nie – hulle sal tien teen een geen punt behaal nie.
- Antwoorde moet met 'n hoofletter begin en met 'n punt eindig.
- Die ruimte wat vir antwoorde verskaf word, is genoeg is vir iemand met 'n normale grootte handskrif. Dit behoort nie nodig te wees om twee of drie reëls per gegewe reël in te druk nie.
- Die vrae moenie in die antwoorde herhaal word nie. Daar is steeds kandidate – gelukkig min – wat elke vraag in hierdie oefening in die antwoord herhaal. Dit is onnodig en 'n vermosing van tyd.

Oefening 2

Vraag 8

Die meeste kandidate het die vorm goed ingevul, maar nie heeltemal so goed as in die verlede nie.

- (a) Alhoewel byna al die kandidate 'Desember' reg gespel het, was daar wel 'n klein groepie wat dit verkeerd gespel het. Sommige het ook die jaar uitgelaat.
- (b) Dit is verblydend dat baie min kandidate die adres verkeerd neergeskryf het. Baie min het 'Kliplaan' as twee woorde of as 'Klipstraat' geskryf of die straatnommer voor die straatnaam geskryf. Party kandidate het wil die naam van die dorp en die poskode na die straatadres geskryf, en sodoende die punt verbeur. 'n Klein groepie het die skool se adres in plaas van die huisadres geskryf.
- (c) Die meeste kandidate het die e-posadres korrek neergeskryf. Sommige het egter die punt verbeur deur onnodige spesies tussen byvoorbeeld 'sanet' en 'venter' en na 'venter' en voor 'zamail' te laat. Kandidate kan herinner word dat hulle vermoë om inligting presies oor te dra, getoets word.
- (d) Kandidate het slegs die punt gekry as hulle 'maak en versamel kerse' geantwoord het – nie net een van die twee nie.
- (e) Hier moes kandidate 'Tuis' kies en 'Op reis' of 'Wanneer ek/ons reis' invul. Let wel, kandidate wat verkeerdelik 'Tuis' én 'By die skool' gekies het, het die punt verbeur. Kandidate wat 'Wanneer sy reis/met vakansie is' geskryf het, het die punt verbeur, want hulle moes die vorm namens haar invul en moes dus die eerste persoon gebruik.
- (f) Alhoewel baie kandidate die 'Musiek' korrek gekies het, het verskeie meer as een opsie saam met 'Musiek' gekies, wat die antwoord verkeerd gemaak het. Redelik min kandidate het 'Kuns' korrek ingevul – ook omdat sommige nie besef het hulle moet iets daar invul nie.
- (g) Hierdie antwoord moes in die eerste persoon en in 'n volsin wees. Kandidate wat 'Sy wil 'n wêreldberoemde kersmaker word' of net "n wêreldberoemde kersmaker" geskryf het, het dus die punt verbeur.

Algemene riglyne

- Die vorm moet namens die persoon wat beskryf word ingevul word. Waar nodig, moet kandidate dus in die eerste persoon antwoord.
- Kandidate moet herinner word om die hoofletter aan die begin maand- en straatname duidelik aan te dui. As dit soos 'n kleinletter lyk, verbeur hulle die punt.
- Hulle moet ook herinner word dat hulle in die adres slegs die ontbrekende inligting moet neerskryf – die pleknaam en poskode staan reeds daar en moet dus nie herhaal word nie.
- Kandidate moet gereeld herinner word om adresse en datums reg neer te skryf, want slegs as dit perfek neergeskryf is, word 'n punt toegeken. Hierdie aktiwiteit toets kandidate se vermoë om akkuraat te lees en inligting akkuraat oor te dra.

Oefening 3

Die kandidate wat goed in hierdie oefening gevaaar het, het doeltreffend verstaan wat in elke onderafdeling van hulle verwag is:

Vraag 9: Die meeste kandidate het twee punte hier behaal.

Vraag 10: Alhoewel heelwat kandidate hierdie punte behaal het, het verskeie nie die vraag verstaan nie.

Vraag 11: Talle het goed gevaaar, maar baie het lang sinne direk uit die teks neergeskryf.

Algemene riglyne

- Kandidate moet onthou dat hulle verkieslik notavorm/telegramstyl moet gebruik en geensins volsinne hoef te skryf nie. Hulle antwoorde moet sinvol onder die gegewe hofies pas.
- Kandidate moet beslis nie (lang) sinne woordeliks uit die teks neerskryf nie. Dit moet duidelik wees dat hulle die teks verstaan en inligting kan uitkies.
- Die ander uiterste is ook nie aanvaarbaar nie: In **vraag 9 en 10** was dit byvoorbeeld nie voldoende om 'n enkele woord per reël te skryf nie. 'n Antwoord soos 'Velle' in plaas van 'Word vir velle doodgemaak' in **vraag 9** en 'reg bestuur' in plaas van 'veld moet reg bestuur word' vir **vraag 10** was byvoorbeeld onvoldoende.
- Kandidate moet besef dat die ruimte wat vir antwoorde verskaf word, genoeg is vir iemand met 'n normale grootte handskrif. Dit is onnodig om twee of drie reëls per gegewe reël in te druk.

Oefening 4

Vraag 12

- Oor die algemeen vind kandidate die opsomming steeds moeilik en het hoofsaaklik drie foute begaan:
 - Verskeie kandidate het nie besef dat 'Suider-Afrika' van 'Suid-Afrika' verskil nie.
 - Verskeie kandidate het die hele teks opgesom eerder as om oor 'n spesifieke aspek (die situasie van jagluiperds in Suider-Afrika) te skryf.
 - Sommige kandidate het net 'n reeks sinne of sinsdele direk uit die teks neergeskryf. Kandidate wie se hele opsomming 'n woordelike herskryf van sinne en sinsdele uit die teks is, verdien hoogstens een punt. (Sien die kriteria in die tabel in die nasienskema.)
- Dit is belangrik dat kandidate die instruksies noukeurig uitvoer: één paragraaf van hoogstens 80 woorde.

Oefening 5

Vraag 13

- Die meeste kandidate het doeltreffend oor die onderwerp geskryf en die drie onderafdelings goed gedek, naamlik:
 - waarheen jy gegaan het en hoe jy daar gekom het
 - waarom jy die plek en aktiwiteite so geniet het
 - wat die laaste dag spesiaal gemaak het.
- Die kandidate wat die beste gevaaar het, het die brief met 'n gepaste aanhef begin, die drie onderafdelings in drie paragrawe gedek en daarna met 'n gepaste slot geëindig.
- Goeie briewe is verder gekenmerk deur 'n entoesiastiese inslag en 'n redelik informele geselstoon.
- Kandidate moes daarop let dat hulle 'n vakansie wat reeds gebeur het, moes beskryf – hulle moes dus nie oor 'n komende vakansie skryf nie.
- Kandidate moet herinner word dat hulle nie hulle adres bo-aan die brief hoef te skryf nie.
- Vanjaar was daar 'n welkome verbetering in kandidate se paragrafering. 'n Minderheid het die hele brief in een paragraaf geskryf.
- Die gebruik van hoofletters en leestekens benodig aandag.
- Sommige kandidate het die verkeerde voorsetsel in plaas van 'na' in 'gaan na 'n plek' gebruik.
- Kandidate moet herinner word dat idiome slegs doeltreffend is as die uitdrukings natuurlik binne die konteks pas.

Algemene riglyne

- Kandidate word herinner dat hulle die gegewe drie riglyne in hulle skryfstukke moet dek. Dit kan veral nuttig wees vir kandidate wat onseker is of hulle die onderwerp goed verstaan.
- Kandidate moet aangemoedig word om reeds in die eerste paragraaf met die onderwerp te begin. Die trefkrag van 'n goeie openingsparagraaf kan nie oorskot word nie.

- Kandidate moet herinner word om ongeveer 150 tot 200 woorde te skryf. Te kort skryfstukke gee nie 'n bevredigende beeld van hulle skryfvermoë nie en stel hulle nie in staat om die onderwerp ordentlik te dek nie.
- Alhoewel brieue wat te lank is volledig gelees word, gebeur dit gewoonlik dat kandidate wat te lank skryf, hulself penaliseer omdat hulle brieue dan dikwels nie 'n hegte struktuur het nie. Hulle sukkel dan ook dikwels om genoeg tyd vir hulle tweede skryfstuk te hé.
- Kandidate moet herinner word om in paragrawe te skryf. Die riglyne wat in die onderwerp verskaf word, kan netjies as die hoofgedagtes van drie paragrawe dien.
- Dit is belangrik dat reëls tussen paragrawe oopgelaat moet word – in die antwoordboek word daar genoeg ruimte vir die skryfstuk verskaf.
- Behalwe die algemene foute wat tweede- en derdetaalsprekers tipies begaan en moet probeer vermy, moet kandidate aandag gee aan die gebruik van leestekens (veral die komma voor 'want' en 'maar' en tussen gesegdes, en die punt aan die einde van sinne), hoofletters (veral aan die begin van 'n sin), en woordorde na voegwoorde soos 'dat' en 'omdat'.
- Engelse woorde en uitdrukings moenie gebruik word nie.

Vaste uitdrukings met voorsetsels wat kandidate behoort te ken

neem foto's van
gaan na 'n plek
is trots op
kyk na diere
bly by die huis
gesels met 'n maat
gaan uit vir ete
gee om vir
hou van iets/iemand
is opgewonde oor
kuier by iemand
is kwaad vir iemand
is lief vir iets/iemand
luister na musiek
na my mening
sien uit na
stel belang in iets
verlang na iemand

Afrikaanse plekname wat kandidate behoort te ken

Suid-Afrikaanse name soos Suid-Afrika, Kaapstad, Johannesburg
Name van plekke/besienswaardighede soos Tafelberg, Wieg van die Mensdom, Krugerwildtuin, Robbeneiland, Botaniiese Tuin, dieretuyn
Internasionale plekname soos Londen, Engeland, Parys, Frankryk, Amerika, Kanada

Oefening 6

Vraag 14: Talle kandidate het hierdie punt gekry. Hulle moes net na die geometriese patronen verwys. Diegene wat ook na ander kenmerke verwys het, het nie die vraag verstaan/beantwoord nie.

Vraag 15: Kandidate moes noem hoe haar ma se houding eers was en hoe dit later verander het.

Vraag 16: Hier moes kandidate twee goed noem. Die beste antwoord was een waarin hulle genoem het dat daar 'n groter verskeidenheid kleure was en dat die verf meer permanente was.

Vraag 17: Die beste antwoord was: Sy wou hê Ndebele-kuns moet buite Mpumalanga/in die res van die wêreld gesien word. Dit was nie goed om te sê sy wou hê ander mense moes haar/die kuns sien nie.

Vraag 18: Heelwat kandidate het albei punte behaal. Sommige kandidate wat probeer om sinne direk uit die teks neer te skryf, het hier punte verbeur omdat hulle 'n onvolledige sin (sonder 'n werkwoord) oorgeskryf het, soos slegs 'Sy het begin om mure in openbare plekke'.

Vraag 19: Hier kon kandidate verwys na die feit dat slegs wêreldberoemde kunstenaars gevra word om die 'Art Car' te verf, of noem dat Esther die eerste vrou was wat gevra is om die 'Art Car' te verf.

Vraag 20: Baie kandidate het hierdie vraag reg beantwoord – Dit hou haar verstand helder.

Algemene kommentaar

- In hierdie oefening moet kandidate nie in telegramstyl probeer antwoord nie. Dit is nie soos **Oefening 1** en **Oefening 3** waar volsinne nie altyd nodig is nie. Die vrae in hierdie oefening vereis gewoonlik volsin-antwoorde waarin kandidate idees volledig moet uitdruk.
- Kandidate moet die regte manlike en vroulike voornaamwoorde met betrekking tot die persone in die teks gebruik.
- 'n Vraag wat een punt tel, vereis gewoonlik een feit en twee punte vereis twee feite.
- Kandidate wat vrae in hulle eie woorde beantwoord, toon werklik begrip.
- Sommige kandidate verbeur punte deur hele sinne direk uit die teks neer te skryf en te hoop dat die antwoord érens daarin skuil. Punte word slegs toegeken as die antwoord logies op die vraag volg.
- Die vrae moenie in die antwoorde herhaal word nie. Dit mors tyd.
- Kandidate moet besef dat die ruimte wat vir antwoorde verskaf word, genoeg is vir iemand met 'n normale grootte handskrif. Dit behoort nie nodig te wees om twee of drie reëls per gegewe reël in te druk nie.
- Antwoorde moet met 'n hoofletter begin en met 'n punt eindig.

Oefening 7

Vraag 21

- Dit was duidelik dat omtrent al die kandidate oor hierdie onderwerp kon skryf. Talle het daarin geslaag om hulle mening oor 'n langer skooldag goed uit te druk.
- Kandidate moet herinner word dat hulle hulle eie mening moet gee. Sommige kandidate lewer as 't ware kommentaar op die ses uitsprake wat gegee word eerder as om hulle eie mening te stel en te bespreek.
- Dit was duidelik dat die skryf van 'n doeltreffende inleidende paragraaf aandag verdien – sommige kandidate val weg met waarom hulle saamstem of nie sonder om duidelik te stel waarmee hulle saamstem of nie saamstem nie.
- Sommige kandidate het nie 'n doeltreffende slotparagraaf geskryf en hulle berigte het daarom stomp geëindig.
- Ongelukkig het sommige kandidate nie lank genoeg geskryf nie, wat 'n negatiewe uitwerking op hulle punte het omdat hulle die onderwerp dan nie goed genoeg dek nie. Hulle moet onthou dat hierdie skryfstuk 200 tot 250 woorde lank moet wees en nie 150 tot 200 woorde soos die een in **Oefening 5** nie.
- Sommige kandidate het verkeerdelik slegs een van die ses gegewe uitsprake as onderwerp gekies en net daaroor geskryf, wat hulle punte benadeel het.

Algemene riglyne

- Kandidate moet aangemoedig word om aandag aan die bou van hulle skryfstuk te gee:
 - Begin met 'n doeltreffende inleidende paragraaf waarin hulle reeds hulle standpunt oor die onderwerp stel.
 - Die liggaam van die skryfstuk bestaan uit paragrawe wat logies op mekaar volg, met skakelwoorde verbind is en progressief ontwikkel.
 - Die slotparagraaf sluit die berig netjies af.
- Reëls tussen paragrawe moet verkieslik oopgelaat word – in die antwoordboek word daar genoeg ruimte vir die skryfstuk verskaf.
- Die taalgebruik en register moet by die teikenleser en die opdrag pas.
- Daar word nié van kandidate verwag om in kolomme te skryf nie en hulle moet dit verkieslik nie doen nie omdat hulle werk dan dikwels moeilik leesbaar is.

Sien ook die lyste by **Oefening 5**.

AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE

Paper 0548/02

Listening

Kernboodskappe

Die vermoë van kandidate om vir spesifieke inligting te luister en korrek daarop te reageer, word in hierdie vraestel getoets. Die vrae volg die volgorde van die tekste. Om goed te vaar in die vraestel, moes kandidate die praatjie in **Oefening 1** en die dialoë in **Oefeninge 2, 3 en 4** verstaan, en die vrae wat daarop gebaseer is korrek vertolk en beantwoord. Dit is verblydend dat 'n groot aantal kandidate se antwoorde aan bogenoemde vereistes voldoen. Hierdie kandidate het dus 'n goeie grondslag om op voort te bou.

Sommige kandidate kon egter dikwels nie die woorde wat hulle gehoor het herken nie, dus het hulle nie die betekenis van wat gesê is, verstaan nie. Dit word dikwels veroorsaak deur 'n beperkte woordeskat. Dikwels is klanke wat gehoor is, sonder begrip van die woordbetekenis neergeskryf. Vindingryke onderrig- en aansporingsmetodes is nodig om kandidate te motiveer sodat hulle sal volhard in hul pogings om die assessoringsdoelwitte van die sillabus te bereik. Kandidate moet soveel moontlik blootgestel word aan gesproke Afrikaans. Indien die geriewe beskikbaar is, kan virtuele gesprekke en geleenthede deesdae te eniger tyd beskikbaar wees om as leer- en onderrighulpmiddels te gebruik. Selfone kan ook hiervoor gebruik word.

Algemene kommentaar

- Uit hul antwoorde op vrae is dit duidelik dat sommige kandidate nie die verskil tussen die woorde 'want' en 'van' besef nie. 'Van' word dikwels as voegwoord gebruik, byvoorbeeld: 'Sy kan met hom praat van die winkel is Maandag toe'.
- Die gebruik van persoonlike en besitlike voornaamwoorde is vir sommige kandidate problematies. Hulle verstaan nie dat die persoonlike voornaamwoord 'sy' ook in Afrikaans as besitlike voornaamwoord gebruik word nie vir 'n manlike persoon, byvoorbeeld: 'Hy ma werk daar' i.p.v. Sy ma werk daar.
- Die gebruik van die byvoeglike naamwoorde 'jonk' en 'jong' word verwarring veroorsaak.
- Kandidate moet daarteen gewaarsku word om nie bo-oor antwoorde vir **Oefeninge 3 en 4** met 'n pen te skryf as hulle aanvanklik eers die antwoord met 'n potlood ingeskryf het nie. Dit word onleesbaar op die geskandeerde vraestelle wat aanlyn nagesien word.
- Die handskrif van sommige kandidate (onder andere swak gevormde letters) het nasien soms bemoeilik omdat die antwoorde byna onleesbaar was.
- Die volgende woorde is dikwels verkeerd gespel: motorfiets, uur, dryf, interessant, geïnteresseerd.
- Kandidate wie se taalkennis en luisterbegrip swak is, het hoofsaaklik (of slegs) punte vir vrae in **Oefeninge 1 en 2** gekry, maar hulle was meestal nie in staat om eie sinvolle antwoorde neer te skryf toe dit in **Oefening 3 en 4** nodig was nie. Laasgenoemde oefening het langer antwoorde vereis waarvoor ook doeltreffende skryfvaardighede nodig was om neer te skryf wat gehoor is.
- Engelse woorde is nie as antwoorde aanvaar nie.

Kommentaar op spesifieke vrae

Oefening 1

Omdat kandidate slegs 'n keuse tussen twee moontlike antwoorde moet maak, is hierdie eerste oefening minder veeleisend.

In hierdie oefening is **vraag 2** baie dikwels verkeerd beantwoord, want vir die korrekte antwoord moes hier besonder fyn geluister word waar tussen die Dierebeskermingsvereniging en die gemeenskap van Kuilsrivier gekies moes word. Dieselfde geld vir **vraag 5**. Selfs kandidate wat oor die algemeen goed gevaar het, het soms hier gefouteer.

Oefening 2

Die vyf meerkeusevrae handel oor feite in verband met 'n geskiedkundige plek in Suid-Afrika. Die teks bevat spesifieke besonderhede waarvoor geluister moes word om die korrekte antwoord uit vier moontlikhede te kies.

Vraag 9 is soms verkeerd beantwoord omdat die kandidate nie afgelei het dat die persentasie gevra is nie. Die spreker noem in die teks dat 'n 'kwart' van die grote oop is vir die publiek; dus 25 per cent. Die antwoord kan nie in kilometer gegee word nie.

Die antwoord vir **vraag 10** ('onbekende') hou verband met die woord 'sekere' in die luisterteks. Die naam van die boer word nie gegee nie, dus kon dit nie 'n 'beroemde boer' gewees het nie. Die korrekte antwoord is dus D.

Oefening 3

In hierdie oefening word van die kandidate verwag om kort aantekeninge te maak. Soms is net een woord genoeg.

Die woord 'sig' in die luisterteks het 'n ander betekenis as die woord 'sug'; dus is geen punt gegee as iemand as die antwoord vir Vraag 14 'sug is swak' geskryf het nie.

Geen punt is toegeken as 'n kandidaat geskryf het die twee duikers het gedink hulle het 'n 'hei' gesien (**vraag 17**), want dit is nie duidelik of hulle die betekenis van die woord 'haai' verstaan nie. Die twee duikers wat vermis geraak het, het nie van die boot af 'weggeswem' nie, maar weggedryf.

Oefening 4

Dit was duidelik dat die kandidate oor die algemeen aanklank kon vind by hierdie luisterteks wat oor 'n tiener se liefde vir koekbak gaan, en hoe hy 'n vooruitstrewende onderneming daaruit kon skep. Dit is meestal goed of redelik goed verstaan.

Sommige kandidate kon nie 'Maandag' of 'Maandae' (**vraag 19**) korrek spel nie. Vir **vraag 25** kon kandidate noem dat Phulani daarvan gehou het om aan die 'deeg' te proe, maar 'n punt is nie toegeken as hulle aan 'die koek te proe' geskryf het nie.

In die antwoord vir **vraag 26** moes genoem word dat Phulani 'n tuisskool bygewoon het (een punt) en dat hy baie vroeg (of vieruur) soggens (nie slegs vieruur nie) of skelm/stilletjies gebak het (een van laasgenoemde twee feite vir 'n punt).

AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE

Paper 0548/05

Oral

There were too few candidates to inform the writing of a general report.